Voeding van Stoetdiere

Beyers Mallo, Voedingskundige : Veekos

Die voeding van stoetdiere stel unieke vereistes aan stoetboere en voedingskundiges. Waar die fokus in die voerkraal op maksimale groei in terme van spiermassa en vetneerlegging is, is die fokus by stoetdiere om optimale spiergroei en karkasontwikkeling te verseker. Rantsoene vir stoetdiere moet dus so geformuleer word dat jong aanteeldiere goed kan uitgroei wat optimale testisgroei en -ontwikkeling sal verseker. Diere moet verkieslik nie te veel vet aansit nie aangesien dit vrugbaarheid negatief kan beïnvloed weens te hoë vlakke van vetneerlegging op die geslagsdele. Stoetdiere wat gewoonlik oor n langer periode gevoer word op veral rantsoene wat hoë energievlakke bevat kan verskeie probleme ontwikkel nl.:

1. Te hoë vet neerslag op geslagsdele wat vrugbaarheid nadelig kan beinvloed.
2. Tiamien (Vit B1) tekorte weens te hoë styselvlakke wat kan lei tot blindheid.
3. Nierstene weens ń wanbalans in minerale en te hoë styselvlakke.
4. Abnormaliteite in bouvorm.

Die ideale Stoetveerantsoen is spesiaal geformuleer en moet aan volgende vereistes voldoen:

1. Akkurate formulasie itv energievlak en –tipe (stysel, suiker of vet).
2. Effektiewe veselvlakke vir goeie rumen gesondheid.
3. Voorkom bouvorm probleme deurdat die energie , proteïen, vitamien en mineraal inhoud so geformuleer is dat die diere ń gematigde groeitempo sal handhaaf.
4. Goeie kwaliteit natuurlike proteïenbronne, geen ureum, wat goeie spierontwikkeling sowel as hoë vrugbaarheid verseker sonder oormatige vetaanpakking.
5. Optimale verbyvloeiproteïen verhoudings.
6. Insluitings van buffers om suurpens te voorkom asook ammoniumchloried vir die voorkoming van nierstene.

Dit is dus belangrik om diere voor seleksie nie op ń te hoë voedingspeil te voer nie. Na seleksie kan die voedingspeil verhoog word. Diere wat oor langer periodes (4 tot 6 maande) gevoer word moet aanvanglik op ń hoër proteïen

rantsoen met laer energievlakke begin en kan nader aan veilingstyd oorgeskakel word na ń hoër energie en laer proteïen rantsoen. Deur jonger diere op ń te hoë voedingspeil te begin voer (hoë energie) kan die boer nie doeltreffend selekteer vir gehardheid en aanpasbaarheid nie. Die rede is dat byvoeding van veral hoë vlakke van graan in die rantsoen, diere wat nie aangepas is by bv koue en droogtes nie, sal help om beter te groei as wat hulle normaalweg sou op natuurlike weiding. Hierdie minder geharde diere kan dus nie geïdentifiseer word nie.

Veekos Stoetveekorrels is spesiaal geformuleer om aan al die behoeftes van die stoetdier te voorsien en kan die boer help om ń paar belangrike doelwitte te bereik nl. hoë aanteeltempo, lae mortaliteite en ń algemene hoë prestasiepeil.